# Die Wes-Kaap Werk

## Ons Plan om Voort te Gaan om Dienste aan die Mense van die Wes-Kaap te Lewer

06 April 2024



# INHOUD




1 Tien Redes om die Wes-Kaap DA te hou

2 Sewe Ondernemings aan die Mense van die Wes-Kaap

3 ‘n Groeiende, Inklusiewe Ekonomie wat Werk Skep

4 ‘n Veiliger Provinsie

5 ‘n Einde aan Beurtkrag

6 Om te Veg vir meer Provinsiale Magte

7 Beter Onderwys vir Elke Leerder

8 ‘n Gesonder Provinsie

9 Om Mense voor Politici te stel



# Tien Redes om die Wes-Kaap DA te hou

Sedert 2009, toe die DA verkies is om die Wes-Kaap vir die eerste keer te regeer, het die Wes-Kaapse Regering na vore getree as die provinsiale regering wat die beste in die land presteer.

1. Die Wes-Kaap het die **laagste werkloosheidskoers** in Suid-Afrika - meer as 10 persentasiepunte laer as die nasionale werkloosheidskoers van 32.1%. In die laaste vyf jaar, **is vier uit elke vyf werksgeleenthede in Suid-Afrika in die Wes-Kaap geskep**.

2. Dit is **enigste provinsie waar moord afgeneem het,** grootliks as gevolg van die werk van 1 300 Wetstoepassings-Bevorderingsplan (LEAP) beamptes, in vennootskap met die Stad Kaapstad, en die provinsie se Landelike Veiligheid- en K9-eenhede.

3. Die Stad Kaapstad is reeds in staat om beurtkrag vir sy inwoners met tot twee fases te verminder, met die Wes-Kaap op koers om die **eerste beurtkrag-vrye provinsie te word**.

4. 75% van die Wes-Kaapse Regering se begroting word direk **op arm en kwesbare inwoners** bestee.

5. Ongeveer 150 000 mense trek elke jaar na die Wes-Kaap toe omdat hulle in 'n **provinsie wil bly wat werk**.

6. Die **top Graad 12 kandidate in die land** in ses van die afgelope sewe Nasionale Senior Sertifikaat Eksamens kom uit die Wes-Kaap, met die Wes-Kaap leerders wat beter presteer in die globale geletterdheidstoetse as leerders van ander provinsies. .

7. Die Wes-Kaap **bou meer skole vinniger as ooit te vore**, insluitend een wat in slegs 65 dae gebou is.

8. Die Wes-Kaap het 'n **funksionerende en suk sesvolle openbare gesondheidsektor** waarvan sy leidende hospitale soos Tygerberg, George, Groote Schuur, die Rooikruis Kinderhospitaal, en die Khayelitsha en Mowbray Kraamhospitale sprekende voorbeelde is.

9. **Kaapstad is die metro wat die beste in Suid-Afrika presteer,** en die beste drie plaaslike munisipaliteite in Suid-Afrika is almal in die Wes-Kaap: Swartland, Saldanha en Drakenstein.

10. Elkeen van die 14 Wes-Kaapse provinsiale departemente, sowel as elkeen van sy 11 entite ite het in die 2022/23 boekjaar ongekwalifiseerde oudits gekry. Die Wes-Kaap is die **enigste provinsie wat rekenskap kan gee van elke sent openbare geld wat bestee is**.

Hierdie resultate sou nie bereik kon word sonder die mense van die Wes-Kaap nie. As burgers van hierdie provinsie verstaan hulle dat 'n beter lewe slegs deur goeie regering bereik kan word. En daar is slegs een party met die prestasie rekord en die visie om effektief te regeer. Daardie party is die Demokratiese Alliansie.

Die DA is suksesvol in regering omdat dit vir die mense regeer. Dit verseker dat daar gevolge is vir regeringsamptenare wat nie werk nie, of wat aan korrupsie skuldig bevind word. Openbare geld in die Wes-Kaap word op dienslewering bestee, met driekwart van die geld wat op arm en kwesbare

inwoners bestee word.

Die Wes-Kaap is in 2009 van die ANC gered. Sedertdien, het die DA vir die res van Suid-Afrika gewys dat dit moontlik is om 'n regering te bou wat werk. Dit is selfs deur President Cyril Ramaphosa erken, waar hy die volgende in 2022 van die DA-geleide Wes-Kaap gesê het:

"Selfs al dink ons die wiele is besig om van alles af te val ... het ons een stad wat werk, ons het een provinsie wat werk, ons het 'n regering wat werk as die kalf in die put is."

Om voort te gaan om dienste aan die mense van die Wes-Kaap te lewer, moet ons verseker dat elke burger in die provinsie uitkom om op 29 Mei te stem en dat elke persoon vir die DA stem.

Die Wes-Kaap Werk. Stem om die Wes-Kaap DA te hou.




# Sewe Ondernemings aan die Mense van die Wes-Kaap

Hierdie provinsiale manifes sit uiteen wat deur die DA-beheerde provinsiale regering bereik is en bevat sewe ondernemings om voort te gaan om aan al die mense van die Wes-Kaap dienste te lewer.

Die DA onderneem om:

1. 800 000 nuwe werksgeleen thede te skep.
2. Misdaad te beveg met 1300 wetstoepassingsbeamptes, Landelike Veiligheidseen hede en K9-eenhede.
3. Beurtkrag met vier fases te sny.
4. Druk uit te oefen vir provinsiale beheer van polisiëring, vervoer en hawens.
5. Meer skole vinniger te bou en om kwaliteit onderwys vir almal te lewer.
6. 'n Wêreldklas openbare gesond heidsdiens te lewer.
7. 'n Skoon, innoverende regering te bestuur wat vir almal dienste lewer.



# ‘n Groeiende, Inklusiewe Ekonomie wat Werk Skep

## ONDERNEMING ONDERNEMING 1: Skep 800 000 nuwe werksgeleenthede.

Terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie agteruitgaan en meer mense hulle werk verloor, groei die Wes-Kaap se ekonomie en word werk geskep. Die Wes-Kaap het die laagste werkloosheidskoers in Suid-Afrika, waar dit 2.2 persentasiepunte vanaf die vierde kwartaal in 2022 tot die vierde kwartaal in 2023 gedaal het.

Oor die afgelope vyf jaar het die provinsie die grootste netto bydrae tot werkskepping (78.9%) in Suid-Afrika gemaak - dit beteken dat bykans vier uit elke vyf werksgeleenthede wat in die land geskep is, in die Wes-Kaap geskep is.

Dit is die verskil tussen die ANC se ‘staat-geleide’ benadering tot werkskepping en die DA se ‘pro-groei’ benadering tot werkskepping. Die Nasionale Regering se onvermoë om betekenisvolle werk vir miljoene mense te skep, kan teruggevoer word na sy misplaaste oortuiging dat die regering mense direk in diens moet neem. In teenstelling, ondersteun die DA investering in die ekonomie sodat besighede kan groei en werklike, volhoubare werksgeleenthede kan skep.

Die Wes-Kaapse Regering het sy Groei vir Werk Strategie in Julie 2023 aangekondig. Die strategie poog om ekonomiese groei tussen 4% en 6% jaarliks te verseker wat tot ‘n triljoen rand provinsiale ekonomie teen 2035 sal lei en tot die skep van ‘n geskatte 800 000 nuwe werksgeleenthede.

Hierdie buitengewone groei word moontlik gemaak deur die regering se besteding op infrastruktuur wat dit vir besighede moontlik sal maak om te floreer en werk te skep. Oor die volgende drie jaar, sal die Wes-Kaapse Regering R32.12 miljard in vaste bates, katalitiese groei-projekte en landbou-infrastruktuur belê.

Die Stad Kaapstad belê teen ‘n veel hoër koers in infrastruktuur as enige ander metro. Oor die volgende drie jaar sal die stad R40 miljard, bykans soveel soos Johannesburg en Durban saam, belê. Dit is ongelooflik dat Kaapstad ‘n volle 60% van die R100 miljard in algehele regeringsinfrastruktuur-projekte wat in 2023 aangekondig is, uitmaak.

Die Wes-Kaap het ‘n padnetwerk wat goed in stand gehou en bestuur word, met die provinsiale regering wat groot investering in die padinfrastruktuur buite die metro maak. In die komende jaar sal die provinsiale regering meer as R2.1 miljard op die opgradering en instandhouding van padinfrastruktuur in kritieke areas soos Drakenstein, Malmesbury, George en Overstrand bestee.

Die Wes-Kaap is die beste plek in die land om besigheid te doen. Tussen Mei 2019 en Maart 2023 het intervensies deur die Wes-Kaapse Regering se Burokratiese Rompslomp Verminderings-eenheid, tot ‘n besparing van R2.4 miljard in die provinsie se ekonomie gelei. Om klein besighede ‘n hupstoot te gee, het die Wes-Kaapse Regering se Klein, Medium en Mikro Ondernemings Ondersteuningsfonds meer as 860 KMMOs ondersteun wat 4 977 werksgeleenthede in stand gehou het.

Toenemende beleggersvertroue het daartoe gelei dat die Wes-Kaap alreeds hierdie jaar meer as sewe groot beleggings in industrieë soos lithium-ioon battery vervaardiging en staal vervaardiging, in Kaapstad gelok het. Dit word bereken dat hierdie projekte alleen R7 miljard in direkte buitelandse belegging en 3 075 werksgeleenthede oor die volgende vyf jaar sal genereer.

Die Wes-Kaap toerisme, handel en beleggings-bevorderingsagentskap, Wesgro, sal voortgaan om belegging, ekonomiese groei en werkskepping aan te moedig deur die provinsie se uitvoermarkte te bevorder en uit te brei deur dit te bemark as ‘n eerstekeuse beleggingsbestemming en deur ‘n groter getal toeriste te lok.

Groot geleenthede soos die Netbal Wêreldbeker, die Kaapstad ePrix (Formule E), die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, die Rugby Sewes Wêreldbeker, die T20 Vroue Krieket Wêreldbeker, die Hokkie Meesters Wêreldbeker, die Kaapstad Fietstoer, die Twee Oseane Marathon, die Cape Epic en die Kaapstad Marathon het die streek as ‘n middelpunt van wêreldgeleenthede en toerisme gevestig wat inkomste genereer en

werksgeleenthede skep. Landbou is ‘n kritieke ekonomiese sektor in die provinsie, met 50% van Suid-Afrika se landbou uitvoere direk afkomstig uit die Wes-Kaap. Ten einde werk te skep in die landbousektor, het die Wes-Kaapse Regering oor die afgelope vyf jaar landbou-onderwys en -opleiding aan 2 248 geregistreerde studente verskaf, kort vaardigheidskursusse aan 17 089 begunstigdes aangebied, en finansiële ondersteuning aan 539 kwalifiserende studente verskaf. Die Wes-Kaapse Regering het ook grondhervorming inisiatiewe in die provinsie ondersteun: 83% van grondhervorming boere wat deur die Wes-Kaapse Regering ondersteun is, beskou hulself as suksesvolle agri-besighede, in skerp teenstelling met die Nasionale Regering se 10% sukseskoers met grondhervormingsprojekte.

Om te verseker dat alle Wes-Kaapse inwoners toegang het tot die werk wat geskep word in ‘n florerende ekonomie, sal ons voortgaan om die Werksoeker Vervoer-koopbewys, wat tans aan meer as 180 000 werksoekers gratis busritte bied na werksonderhoude, uit te rol. Die ‘JaarDaarna’-program wat gehalte werkservaring aan 7 846 ‘Yeboneers’ sedert 2019 gebied het, sal uitgebrei word sodat tussen 3 000 en 4 000 van die jeug elke jaar voordeel sal trek. Ten minste 70% van hierdie jongmense sal verder gaan met hulle studies of hulle sal in staat wees om betaalde werk te kry. Deur die Masakh’iSizwe Beursprogram, wat uniek is aan die Wes-Kaap, is 865 jongmense ondersteun om hulle drome na te volg deur ‘n geleentheid om in die veld van infrastruktuur te studeer by deelnemende onderwysinstellings.

# ‘n Veiliger Provinsie

## ONDERNEMIN 2: Beveg misdaad met 1 300 wetstoepassings beamptes, Landelike Veiligheids-eenhede en K9-eenhede.

TDie provinsiale regering se pogings om misdaad te verminder word gerig deur die Wes-Kaap Veiligheidsplan, ‘n data-gesentreerde, bewys-gebaseerde benadering tot misdaadhantering. Dit lig polisiëringstrategieë in en verseker dat die beperkte beskikbare hulpbronne van die Nasionale Regering beter aangewend word.

Die Wetstoepassings Bevorderingsplan (LEAP) program, het in vennootskap met die Stad Kaapstad, in 2020 met 500 wetstoepassingsbeampte wat in vier prioriteitsareas ontplooi is, begin. Sedertdien het dit tot 13 prioriteitsareas met 1 300 LEAP beamptes daar ontplooi, uitgebrei. Nuwe tegnologie soos die geweerskoot opsporingstegnologie en ‘Eye-in-the-sky’ (uit die




lug misdaadbespeuring) is ingestel om die effektiwiteit van LEAP operasies te versterk.

Tot dusver, het LEAP beamptes meer as 27 000 arrestasies uitgevoer en meer as 554 onwettige vuurwapens van die strate af verwyder. Daar is ‘n merkbare afname in die gemiddelde aantal misdade wat sedert die implementering van LEAP aangemeld is. Provinsiale Landelike Veiligheidseenhede patrolleer in die Swartland en Overstrand munisipaliteite, met K9-eenhede in die Swartland, Overstrand en Mosselbaai streke. Daar is verder ook nou 477 geakkrediteerde Buurtwagte in die provinsie, wat 14 632 patrolleerders behels.

Hierdie belegging in addisionele personeel en ‘mag vermenigvuldigers’ is besig om vrugte af te werp. Onafhanklike navorsing deur die Instituut vir Sekerheidstudies toon dat uit die vier provinsies wat geëvalueer is - Gauteng, Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap - is die Wes-Kaap die enigste provinsie is waar moord in die laaste vyf jaar afgeneem het.
Om misdaad te keer voor dit gebeur, het die Wes-Kaapse Regering die Geweldvoorkomings-eenheid (GVE) op die been gebring wat ten doel het om die kern oorsake van geweld aan te spreek. Dit betrek rolspelers van regoor die regering en die burgerlike



samelewing waar spesifieke areas geteiken word wat 'n verskeidenheid maatskaplike intervensies benodig. Gebaseer op die Cardiff 'Model for Violence Prevention', word die data van provinsiale gesondheidsorg fasiliteite ook gebruik om misdaadbevegting en -voorkomingsprogramme verder te bevorder.

Die Wes-Kaapse Regering sal ook oor die volgende drie jaar 15 000 gevalle van kinders wat met die gereg gebots het, evalueer en beoog om meer as 16 000 deelnemers aan afwentelingsprogramme dit te laat voltooi. Die Chrysalis Akademie het 'n drie-maande residensiële program vir jongmense van sover geleë as Beaufort-Wes en Mosselbaai. Die drie-maande program sluit lewensvaardighede, tyd in die buitelug, en beroeps- en werkgereedheidsopleiding sowel as terapeutiese sorg wat daarop gerig is om die jeug op 'n psigo- sosiale vlak te ondersteun, in.

Om geslagsgebaseerde geweld (GBV) te bekamp, het die Wes-Kaapse Regering onlangs vyf nuwe GBV skuilings geopen wat die totaal op 26 GBV skuilings regoor die provinsie bring. Dit het ook onlangs die GBV ambassadeur model in Malmesbury en Delft van stapel gestuur. Hierdie ambassadeurs bied inligting oor slagofferondersteuningsprogramme en beskikbare dienste vir die intervensie en voorkoming van GBV aan die gemeenskappe.

# 'n Einde aan Beurtkrag

## ONDERNEMING 3:
## Sny beurtkrag met vier fases.

Die Nasionale Regering het daarin gefaal om betroubare kragtoevoer te verseker. Dit is as gevolg van sy aandrang op 'n verouderde model van staat-geleide kragopwekking. Beurtkrag is 'n direkte gevolg van hierdie afhanklikheid van 'n korrupte en onbekwame nasionale regering.

Die oplossing vir Suid-Afrika se elektrisiteitskrisis moet kom van verhoogde kragopwekking buite Eskom. Deur privaat verskaffers toe te laat om betrokke te raak, sal dit kompetisie moontlik maak wat sal lei tot verbeterde dienslewering, verhoogde voorsiening en verlaging van energie pryse.

Om die impak van die land se vernietigende energiekrisis aan te spreek, is 'n Wes-Kaapse Energie Raad in laat 2022 tot stand gebring. Die raad is besig om die provinsie se veelfasettige benadering om beurtkrag te verminder en uiteindelik te beëindig, te formuleer, koördineer en te bestuur.

Die Wes-Kaap Energie Veerkragtigheidsprogram sal die provinsie in staat stel om sy afhanklikheid van Eskom vir energie te verminder, en die provinsie is goed op koers om die eerste beurtkrag-vrye provinsie in die land te word. Ongeveer R7 miljard sal oor die volgende drie jaar deur die provinsiale regering en munisipaliteite bestee word om die Wes-Kaap energie-veerkragtig te maak.

Die Munisipale Energie Veerkragtigheidsinisiatief ontwikkel en bou kapasiteit by munisipaliteite regoor die provinsie om hernubare energieprojekte en -oplossings te implementeer. Hierdie inisiatief het tot dusver gelei tot die suksesvolle inwinning van inligting van meer as 100 potensiële energieopwekkingsprojekte. Met 2 000 MWs reeds op die mark, en meer wat tans ontwikkel word, is die provinsie goed op koers om sy teiken van 5 700 MW energie teen 2035 op te wek.

Die DA-beheerde Stad Kaapstad is op koers om sy kliënte teen die eerste vier beurtkrag-fases teen 2026 te beskerm. Die stad sal in die volgende jaar R480 miljoen bestee op sy 4-fase-beurtkrag beskermingsplan, wat R82.4 miljoen vir sy Power Heroes aanvraag-bestuursprogram, R377 miljoen vir die Steenbras-hidro-aanleg en R31 miljoen in kapitale opgradering om voort te gaan met Steenbras se beurtkrag beskermingspotensiaal, insluit.

Oor die volgende drie jaar, sal die stad ‘n beraamde R722 miljoen op onafhanklike kragaankope bestee, wat verspreibare energie tydens piek tye kan vermeerder, en R4 miljard vir die opgradering en instandhouding van die stad se elektrisiteits-netwerk - ‘n kritieke deel van sy planne om energie veilig te word en te bly – insluit.

Die Wes-Kaapse Regering het R89 miljoen aan munisipaliteite toegewys wat sal verseker dat water en rioolinfrastruktuur tydens beurtkrag werk.

Daarby het 195 gesondheidsorg fasiliteite opwekkerkapasiteit om voort te gaan met essensiële dienste tydens beurtkrag, 47 klinieke het wisselrigters-installerings en 10 hospitale is vrygestel tot op Fase 6 beurtkrag. Die Wes-Kaapse Regering het 3 996 beurtkrag verligtingspakkies (beligting en herlaai-oplossings) versprei om mense met gestremdhede, ouer persone, en slagoffers van geslagsgebaseerde geweld by te staan.

# Die Stryd vir Meer Provinsiale Magte

## ONDERNEMING 4: Druk uit te oefen vir die beheer van polisiëring, vervoer en die hawens.

National Government has shown that it is unable Regerings regoor die land is in ‘n toestand van ineenstorting. Die Nasionale Regering het getoon dat dit nie in staat is om selfs sy mees basiese funksies na te kom nie, met ernstige gevolge vir die burgers van die Wes-Kaap. Een van die grootste struikelblokke vir beter dienste in die Wes-Kaap is dat sekere funksies, soos polisiëring, vervoer (insluitend passasierspoor en vragspoor) en die hawens deur die Nasionale Regering bestuur word.

Dit is tyd vir die inwoners van die Wes-Kaap om beheer te neem van hierdie funksies wat hulle lewens affekteer. Dit kan gedoen word deur hierdie magte na provinsiale en plaaslike regerings wat die kapasiteit het om dit beter te doen as die Nasionale Regering, af te wentel.

Dit is waarom die DA druk om die Wes-Kaap Provinsiale Magte Wetsontwerp deurgevoer te kry in die provinsiale wetgewer. Die Wetsontwerp se doel is om die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering te bemagtig om dit wat die ANC-beheerde Nasionale Regering vernietig het, reg te maak deur ‘n veiliger en ‘n meer voorspoedige omgewing vir die inwoners van die Wes-Kaap te skep.

Een kern doelwit is om die funksies van die mislukkende Suid-Afrikaanse Polisiediens in die provinsie oor te neem, en om polisiëringshulpbronne toe te wys aan die areas en intervensies waar dit die nodigste is. Dit sal wetstoepassing nader aan die gemeenskappe bring en dit moontlik maak vir gelokaliseerde polisiëringstrategieë wat pas gemaak is vir die unieke uitdagings van die provinsie se diverse gemeenskappe.



Die DA gaan ook voort en berei voor vir die afwenteling van die spoorweë. Daar is ‘n dringende behoefte aan ‘n bekostigbare, veilige en betroubare spoorwegdiens vir stedelike pendelaars, aangesien die diens bykans totaal ineen gestort het in Kaapstad as gevolg van die Nasionale Regering se onvermoë om dit behoorlik te bedryf. Die Stad Kaapstad se Spoorhaalbaarheidstudie het bevind dat ‘n effektiewe passasierspoordiens laer-inkomste huishoudings tot R932 miljoen kan bespaar, meer as 51 000 werksgeleenthede sal ondersteun en R11 miljard in waarde tot die ekonomie jaarliks sal bydrae.

Die hawens, en spesifiek die Kaapstad Hawe, moet dringend van die Nasionale Regering gered word. ‘n Funksionele houerterminaal in die hawe sal oor die volgende vier jaar bydra tot R5.6 miljard in ekonomiese groei, en 20 000 nuwe werksgeleenthede skep wat R2.1 miljard in besoldiging en R1.6 miljard in belasting tot gevolg sal hê. Dit is van uiterste belang dat die privaat sektor betrek word om die doeltreffendheid van die Kaapstad Hawe te verbeter en ons sal ons beywer om hierdie vennootskap te bou.

# Beter Onderwys, vir Elke Leerder

## ONDERNEMING 5: Bou meer skole vinniger en lewer kwaliteit onderwys vir almal.

Die Wes-Kaapse Department van Onderwys presteer deurlopend beter as al die ander provinsies in die globale normtoetse. Die Wes-Kaap is die land se top-presterende provinsie in die Progress in International Reading and Literacy Study (PIRLS) resultate, deur 75 punte hoër as die Suid-Afrikaanse nasionale gemiddeld te behaal. Dit is ook die top-presterende provinsie in die Trends in International Mathematics and Science Study (TIMMS), deur 67 punte bo die nasionale gemiddeld Wiskunde en 91 punte bo die nasionale gemiddeld vir Wetenskap te behaal.

leer-herstelprogramme, wat in die nasleep van die COVID-19 pandemie, wat baie van die provinsie se armste leerders van onderrigtyd ontneem het, geïnisieer is. Dit is die grootste multi-graad leerherstel-program in Suid-Afrika.

Die Terug op Koers program teiken 338 000 leerder en hulle onderwysers in Grade 1, 2, 3, 4, 7, 8, 10 en 12. Die leerders woon addisionele klasse oor naweke en in vakansies by terwyl die onderwysers ekstra opleiding en professionele ondersteuning ontvang. As deel van die program is 333 skole, bykomend tot die 1 100 skole wat reeds ekstra ondersteuning in die Grondslagfase sedert 2022 ontvang, gekies om geteikende ondersteuning te ontvang wat op op sistemiese toetsuitslae gebaseer is, te ontvang.

Sistemiese toetse deur die Wes-Kaapse Department van Onderwys het in 2023 getoon dat daar betekenisvolle verbeterings behaal is in Graad 3 tellings in vergelyking met die vorige jaar: die




In ses van die afgelope sewe Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens het die top Graad 12 kandidate in die land uit die Wes-Kaap gekom. Die top kandidate in Wiskunde het vir vyf agtereenvolgende Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens uit die Wes-Kaap gekom. Wat belangrik is, is dat die 2023 Graad 12 retensiekoers, wat die persentasie Graad 10 leerders meet wat hulle matriekeksamen twee jaar later aflê, van 62.9% in 2019 tot 69.3% in 2023 toegeneem het.

Gedagtig aan die noodsaaklikheid om kwaliteit onderwys aan elke leerder te bied, belê die DA regering in die Wes-Kaap regoor die provinsie in onderwys - veral in die armste gebiede. In 2023 het die Wes-Kaap se 'geen-fooi' skole almal hulle slaagsyfer teenoor die vorige jaar verbeter - die slaagvan die Wes-Kaap se armste kwantiel 1-3 skole is nou op 72%, 77.75% en 78% onderskeidelik.

Die Wes-Kaap se onderwysresultate is deels moontlik gemaak deur die 'Terug op Koers'

Graad 3 Wiskunde slaagsyfer het met 4.3 persentasiepunte toegeneem, en die Graad 3 Taal slaagsyfer met 4 persentasiepunte.

In die lig van die toenemende behoefte aan plekke in Wes-Kaapse skole, het die Wes-Kaapse Regering die Versnelde Skoolbou-Program ingestel om skole vinniger as ooit tevore te bou. Die Wes-Kaap Regering het sedert 2019 2 217 klaskamers in 35 nuwe skole, 15 vervangingskole, en 323 bestaande skole gebou. In een geval, by die Fisherhaven Academy in Hermanus, is 'n nuwe skool in slegs 65 dae gebou.

As deel van hierdie baanbrekende program om te verseker dat geen leerder agter gelaat word nie, beoog die Wes-Kaapse Regering om ten minste ses nuwe skole en 300 addisionele klaskamers by bestaande skole in die 2025 skooljaar te bou. Die Wes-Kaapse Regering het onlangs aangekondig dat die Nasionale Tesourie 'n addisionele voorlopige toewysing van R2.5 miljard oor die volgende drie jaar vir die Versnelde Skoolbou Program gemaak.



# ‘n Gesonder Provinsie

## ONDERNEMING 6: Lewer ‘n wêreldklas openbare gesondheidsdiens.

Die Wes-Kaap het ‘n funksionerende en suksesvolle openbare gesondheidsektor waarvan sy leidende hospitale soos Tygerberg, George, Groote Schuur, die Rooikruis Kinderhospitaal, en die Khayelitsha en Mowbray Kraamhospitale sprekende voorbeelde is. Dit is almal staatshospitale wat gehalte gesondheidsorg aan die publiek verskaf.

Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welsyn het die laagste rand-waarde regsmediese eise in die land wat teen dit ingestel is. Dit is ‘n aanduiding dat die Wes-Kaapse gesondheidsorg praktisyns minder foute maak, en ‘n hoër standaard sorg as enige ander plek in Suid-Afrika bied. Die Wes-Kaap is ook die enigste provinsiale gesondheidsdepartement in die land om vyf skoon oudits in ‘n ry te ontvang, wat beteken dat dit al sy geld bestee op dit waarop dit veronderstel is om bestee te word - die versorging en genesing van diegene wat siek en kwesbaar is.

Besluitneming is data- en innoveringsgedrewe en verseker dat die grootste deel van die departement se geld op gesondheid en welstand bestee word. Die regering se gesondheidsdata beïnvloed ook die Wes-Kaap Veiligheidsplan wat wetstoepassings operasies rig op gebiede met ‘n hoër voorkoms van misdaad-gekoppelde beserings.
Die bekendstelling van Welstandsentrums het ‘n verskeidenheid gesondheid en welstand dienste beskikbaar gemaak, soos gesinsbeplanning, chroniese siekte toetsing, kindergesondheidsdienste, en MIV en TB toetsing om inwoners te help om lewenstyl-verwante siektes soos diabetes, hartsiektes en respiratoriese kwale te voorkom.

Die Wes-Kaapse Department van Gesondheid en Welstand gaan voort om te innoveer en om die nuutste dienste te lewer. Sy bekroonde nasporingstelsel volg byvoorbeeld elke pasiënt soos wat hulle sorg ontvang by ‘n noodsentrum - van die tyd wat hulle toegelaat word, deur ‘n verpleegster ondersoek word, regdeur elke stap van die kliniese proses.

Die departement het in Desember 2023 die TeleICU loodsprojek van stapel gestuur wat dokters wat by Groot Schuur gebaseer is, via ‘n robotiese toestel met dokters in George verbind. Dit maak intydse toegang tot kritieke sorg kundigheid, verbeterde besluitneming, en kennisoordrag moontlik, sonder dat dit nodig is om pasiënte van een fasiliteit na ‘n ander te verskuif.

Oor die afgelope vyf jaar, het die Wes-Kaapse Regering twee nuwe chirurgiese robotte aangeskaf wat al reeds 391 operasies by die Tygerberg-Hospitaal en 192 operasies by die Groote Schuur-Hospitaal uitgevoer het. Hierdie tegnologie is die eerste van sy soort om in Afrika gebruik te word, met Groote Schuur die eerste openbare sektor hospitaal om met robotiese chirurgie in Suid-Afrika te begin. Die voordele van hierdie tegnologie vir pasiënte sluit vinniger operasietyd, minder komplikasies, korter hospitaalverblyf en vinniger herstel in.




# Om Mense voor Politici te Stel

## ONDERNEMING 7: Die bestuur van 'n skoon, innoverende regering wat behoeftiges prioritiseer.

Suid-Afrika is een van die mees ongelyke samelewings in die wêreld, met een van die hoogste voorkomste van armoede. Terwyl ongelykheid laer in die Wes-Kaap is as in die res van die land, werk die Wes-Kaapse Regering hard om ongelykheid verder te verminder deur die behoeftes van die armes en gemarginaliseerdes te prioritiseer.

Sukses in hierdie verband kan gesien word deur die Wes-Kaap se voortgesette verbetering op die Menslike Ontwikkelingsindeks (HDI) wat die volgende drie aspekte van menslike ontwikkeling meet: gesondheid, onderwys en per capita inkomste. HDI het in die provinsie van 0.61 in 2001 tot 0.74 in 2021 verbeter en is met 10 desimale persentasiepunte hoër as die nasionale syfer.

Van die provinsiale regering se R255.29 miljard begroting, sal daar oor die volgende drie jaar 75.4%, of R192.21 miljard bestee word om direk aan die behoeftes van arm en kwesbare inwoners te voldoen. Dit sal toewysings aan primêre gesondheidsorg, tuis- en gemeenskapsgebaseerde sorg, geestesgesondheidsdienste, leerlingvervoer, die skool voedingsprogram, lae-inkomste behuising, voedseltuine in gemeenskappe en skole, kinder- en jeugsorgsentrums, en armoede verligtingsprogramme insluit

### Programme om die impak van armoede te verminder en te verlig, sluit in:

- Tussen 2019 en 2023 is 'n totaal van 25 854 behuisingseenhede en 16 249 gedienste erwe aan inwoners regoor die provinsie gelewer. 'n Verdere 13 589 behuisingseenhede is deur die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram gelewer en 11 928 persele is aan basiese dienste gekoppel.

- Die provinsiale regering maak seker dat agterplaasbewoners en plaasbewoners nie agtergelaat word nie. Byvoorbeeld, tussen 2019 en 2023 is 1 865 behuisingsgeleenthede aan agterplaasbewoners in die Overstrand streek gelewer, sowel as aan 249 plaasbewoners en 959 agterplaasbewoners in Swartland. Verlede jaar is behuisingsgeleenthede aan 375 agterplaasbewoners en 36 plaasbewoners in die Kaap Metropool gelewer.

- Tussen 2019 en 2023 is 17 705 titelaktes vir nuwe ontwikkelings geregistreer.

- In die periode 2019 tot 2023 het die Wes-Kaap Regering gemiddeld 5 938 beddens in residensiële sorg-fasiliteite vir ouer persone in die provinsie gesubsidieer. 'n Verdere 15 691 subsidies is gemiddeld oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde sorg om ouer persone by te staan, en 735 beddens is in bystandsorg- en selfsorg-fasiliteite vir senior burgers befonds.

- Vir persone met gestremdhede is daar tussen 2019 en 2023, 1 689 beddens in NWO residensiële sorg-fasiliteite befonds.

- Tussen 2019 en 2023 is 2 034 hawelose volwassenes is met beddens in skuilings voorsien.

- Sedert 2019 het ons meer as 1,1 miljoen gekookte maaltye, deur middel van 102 gemeenskapsvoeding- en ontwikkelingsentrums en 358 sopkombuise regoor die provinsie verskaf.

- Die Wes-Kaapse Regering verseker die welstand en waardigheid van meisies regoor die provinsie

deur middel van sy Sanitêre Waardigheidsprojek en het meer as 3.432 miljoen pakke sanitêre doekies aan leerders regoor die provinsie versprei sedert die instelling van die projek in 2019/2020.

- Die Wes-Kaap Regering het sy Gesinversterking-program geloods wat daarop gerig is om die verhouding tussen 'n primêre versorger en 'n kind te verbeter ten einde gesin- en gemeenskapsgeweld te verminder. In die periode 2019 tot 2023, het gemiddeld 18 624 families aan hierdie programme deelgeneem, 238 kinders is met hulle primêre versorgers herenig, en 2 899 primêre versorgers het ouer onderrig- en opleidingsprogramme deurloop.

- 247 bykomde maatskaplikediens professionele praktisyns word aangestel. Hierdie aanstellings sal help om die oor belade maatskaplike en kindersbeskermingstelsel te stabiliseer.

Die Wes-Kaap Regering reageer op die behoeftes van die burgers aangesien dit in vennootskap met gemeenskappe werk en kanale bied vir mense om terugvoer te gee oor hoe hulle regeringsdienste ervaar.

Die Wes-Kaap Kontaksentrum het sedert 2019, 1 426 995 kontakte aangemeld en 1 045 213 verwysings geskep. Hiervan is 1 010 829 verwysings opgelos - 'n 96.71% oplossingskoers. Die 'Eerste Donderdag' inisiatief is in 2019 ingestel wat aan inwoners 'n platform bied om regeringsverwante kwessies en idees in persoon met die Premier, Provinsiale Ministers en amptenare te bespreek. In die laaste vyf jaar is 15 Eerste Donderdag geleenthede in persoon gehou, met 6 444 inwoners teenwoordig, en 34 was aanlyn as gevolg van die COVID-19 pandemie.

Hierdie vlak van toegang tot regeringsleiers is ongekend in Suid-Afrika en is gekoppel aan die Wes-Kaapse Regering se verbintenis tot deursigtigheid en 'n korrupsie-vrye regering.

Leefstyl oudits is in 2020 op alle lede van die Kabinet uitgevoer met die finale verslag wat bevind het dat al die Provinsiale Ministers en hulle gades 'n leefstyl handhaaf wat in lyn is met hulle inkomste. Elk van die 14 Wes-Kaapse provinsiale departemente, sowel as elk van hulle entiteite, het ongekwalifiseerde oudits in die 2022/23 boekjaar ontvang wat aandui dat openbare geld in die Wes-Kaap op openbare dienste en nie op politici bestee word nie.

Ten einde openbare geld vir maksimum impak te gebruik, is die Wes-Kaapse Regering op innovasie en tegnologie gefokus. Hierdie innovasie kan gesien word in die regering se pionierswerk in gesondheid, onderwys, energie, en misdaadbevegting soos vroeër genoem, sowel as sy benadering tot rampvoorkoming, bestuur en klimaatveerkragtigheid. Van sy verkeersbestuurstelsel tot sy gesondheidsorgsektor en misdaadbekamping, gebruik die provinsiale regering data om intervensies te begelei, effektiwiteit te meet en sy benadering aan te pas.

Die Wes-Kaap Rampbestuursentrum is 'n effektiewe koördineerder van noodreaksie tydens groot rampe, soos die 2023 Erfenisdag naweek vloede, die Februarie Eskom kragonderbrekings in die Karoo, en tydens die 2023/24 brandseisoen toe daar op een dag meer as 18 erge brande regoor die provinsie gewoed het.

Die Rampbestuursentrum posisioneer hierdie provinsie sodat dit in staat is om op k limaatsverandering te kan reageer. Die 15-Jaar Wes-Kaap Geïntegreerde Droogte en Water Reaksie-plan stel die maatstaf vir hoe om waterskaarsheid te hanteer en om 'n toekomstige "Dag Zero" scenario te voorkom.

Gedurende die COVID-19 pandemie, het die Wes-Kaapse Regering Afrika se grootste veldhospitaal in slegs ses weke opgerig en die COVID-19 publiek-gerigte grafiekbord geloods wat die Africa Tech Award vir die Beste gebruik van Tegnologie in die Openbare Sektor gewen het. Gedurende die pandemie het die Wes-Kaapse Regering medisyne direk by mense se huise afgelewer om hulle veilig te hou en te verseker dat klinieke en hospitale kon fokus om op die ontvouende krisis te reageer.

## SLOT

Die Wes-Kaap Werk. Die DA-beheerde provinsiale regering baan die weg in elke kritieke aspek van dienslewering: deur werk te skep deur 'n groeiende ekonomie, vermindering van misdaad, sny van beurtkrag, bou van skole, verbetering van gesondheid, en om mense voor politici te stel.

Ons wil voortgaan om dienste aan die mense van die Wes-Kaap te lewer, maar ons het jou stem nodig om aan te hou om vordering te maak. 'n Stem vir die DA is 'n stem vir 'n provinsie wat werk.

**Stem om die Wes-Kaap DA te hou.**

DA